



RETIREMENT FUND

Voorheen bekend as die
Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds

Verseker jou aftrede

JAAARVERSLAG

2024 / 2025

INHOUDS- OPGAWE

3 Boodskap van die Trustees

5 Voorsittersverslag

9 Hoofbeampte se Verslag

12 Fondsoorsig
2024/2025

20 Opgesomde Finansiële
Verslag vir 2024/2025

23 Aktuariële Verslag

26 Beleggingsverslag

30 Kontakbesonderhede

Boodskap van die Trustees



Die Raad van Trustees lê graag die Fonds se geïntegreerde verslag vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 2025 aan u voor.

Met die viering van **10 jaar** sedert die Fonds se naam verander het, bied vanjaar se tema **“nadenke”** ’n goeie geleentheid om met trots terug te kyk en doelgerig vorentoe te kyk. ’n Dekade gelede het ons nuwe naam meer as ’n verandering van identiteit aangedui – dit het ons volgehoue verbintenis tot groei, relevansie en lidgesentreerde diens bevestig. Vandag kyk ons hoe ver ons gevorder het, en watter sterk fundamente steeds ons koers bepaal.

Ons reis oor die afgelope vyf jaar is deurweef van temas wat spreek van beide **“veerkragtigheid en verantwoordelikheid”**. In 2020/2021 het ons die “7C’s of Resilience: competence, confidence, connection, character, contribution, coping and control” bekend gestel op ’n tydstip toe hierdie eienskappe uiters nodig was. Die jaar daarna het ons hierdie boodskap uitgebrei met die **“heliks”** – ’n kragtige simbool van veerkragtigheid in die natuur, wat verteenwoordigend is van evolusie, groei en die vermoë om in ’n veranderende wêreld aan te pas.

In 2022/2023 het ons fokus verskuif na **“spaar”**, en hierdie wesenlike beginsel in verband gebring met die 7C’s, om te beklemtoon dat finansiële sekuriteit nie net op bydraes berus nie, maar ook op kennis, dissipline en ingeligte besluitneming. In 2023/2024 het ons hierdie tema verder versterk, veral met die implementering van die tweepot-aftreestelsel, en lede ondersteun om nuwe geleenthede vir toegang tot hul spaargeld met behoud van hul finansiële welstand oor die lang termyn te navigeer.

Nou, in 2024/2025, bring **“nadenke”** hierdie temas byeen. Dis ’n tyd om erkenning te gee aan die veerkragtigheid wat ons deur die onsekerheid van die pandemie gedra het, die evolusie wat ons groei gedryf het, en die spaardissipline wat ons lede se toekoms verseker. Dit is ook ’n viering van **10 jaar** onder ons huidige naam – ’n dekade van vordering, vernuwing en ’n onwrikbare verbintenis om ons lede se beste belange te dien.



Nadenke gaan nie net oor terugkyk nie; dit gaan oor leer, herbevestiging van ons doelwit, en om met duidelikheid en vertroue die toekoms te bou. Met die viering van hierdie mylpaal bly ons daartoe verbind om voort te bou op die pluspunte van die afgelope dekade en verder te ontwikkel, ons lede te bemagtig, en hul aftree-uitkomste nog baie jare vorentoe te beskerm.

As trustees spreek ons graag ons opregte waardering uit teenoor ons lede, afgetredenes, pensioenarisse en belanghebbendes vir hul volgehoue vertroue en ondersteuning. Ondanks ’n uitdagende en ontwikkelende wets- en beleggingsomgewing, het die Fonds sterk gebly, gerugsteun deur strategiese besluite wat ons goed posisioneer vir die toekoms.

Met die viering van hierdie belangrike mylpaal, bly ons onwrikbaar verbind tot die beskerming van lede se aftree-uitkomste. Met die beginsels van deursigtigheid, rekenpligtigheid en langtermyn-volhoubaarheid as rigsgnoer, sien ons uit na die volgende dekade, om met vertroue, vasberadenheid en hernude toewyding voort te bou op die vordering wat reeds gemaak is. Dankie vir u volgehoue vennootskap terwyl ons hierdie reis saam voortsit.

“We do not learn from experience... we learn from reflecting on experience.” – John Dewey

Voorsittersverslag





Johan Jacobs / Voorsitter

"The essence of leadership is essentially taking the responsibility of trying to interpret the future to the present." – Paul Keating

My terugvoer oor die 2024/2025 finansiële jaar begin weer eens op 'n positiewe noot.

BELEGGINGS: Te midde van die bedreiging van handelstariewe, herbedinging van handelsvennootskappe met die Verenigde State (VS), en geopolitieke konflik wat wêreldwye ekonomiese ontwikkelinge in die tweede kwartaal van 2025 oorheers het, het plaaslike markte daarenteen 'n hupstoot gekry van 'n hoogs gekonsentreerde hulpbronssektor waar die goudprys die hoogste vlak nóg bereik het. Die eerste ses maande van die jaar was egter 'n baie wisselvallige tydperk vir markte, met groot skommeling in beide plaaslike en internasionale aandelemarkte. Al die gediversifiseerde beleggingsportefeuljes van die LA Aftreefonds het hul goeie prestasie voortgesit en hul VPI-teikens met gemak oortref.

Die Fonds se beleggingsportefeuljes het almal steeds hul kleinhandelsportuurgroepe oortuigend geklop, wat veral toe te skryf is aan die hoër koste en fooie van sulke kleinhandelseffektetrusts. Dit is besonder belangrik vir aftredende lede, wat deurentyd herinner word om die Fonds se In-Fonds Annuïteite te oorweeg wanneer hulle aftree.

Lees gerus die verslag van die Fonds se beleggingskonsultante, Simeka, wat meer besonderhede verskaf.

IN-FONDSOPSIES BY AFTREDE: Ons lae-koste, aktief bestuurde In-Fonds Lewende Annuïteit (IFLA), wat in 2016 geskep is, het steeds groot aftrek gekry onder aftredende lede wie se belegging in die Fonds se verstek-lewensfaseportefeuljes 'n seepgladde oorgang na die IFLA by aftrede moontlik gemaak het. Die LA Aftreefonds is verreweg die kostedoeltreffendste spaarmeganisme waarbinne lede vir aftrede kan spaar en kan aftree, omdat ons fooie (d.i. beleggings- en administrasiekoste) minder as die helfte van die fooie van die kleinhandelseffektetrustbedryf is.

Ons het besef dat ons afgetredenes miskien een of ander tyd gedurende hul aftrede 'n lewensannuïteit sal wil koop, en daarom het die Raad besluit dat dit sinvol sou wees om beide die IFLA en 'n lewensannuïteit aan aftredende lede en afgetredenes te bied. Ek bevestig graag dat die Fonds se Lewensannuïteit (ook bekend as 'n Gepoelde Annuïteitrekening of PAC) op 1 Julie 2024 met welslae bekend gestel is.

VOLGEHOUE KLEM OP KOSTE: Kostebesnoeiing bly 'n deurlopende fokus van die trustees, aangesien die Fonds se totale koste uiteindelik 'n invloed op lede se aftreespaargeld het. Die groter aanwending van tegnologie sedert 2020, gereelde hersiening van diensverskaffer-ooreenkomste met die Fonds, en jaarlikse hersiening van die Fonds se versekerde voordele lei steeds tot verskeie kostebesparings vir die Fonds.

HERSIENING VAN VERSEKERDE VOORDELE: The Die Raad van Trustees bly daartoe verbind om toe te sien dat die versekerde voordele waartoe lede toegang het, maksimum waarde tot hul lewe toevoeg maar nie te duur is nie. Met die oog hierop, onderneem die Raad gereelde hersienings van die voordele en bring veranderinge aan wat na hul mening in lede se beste belang is. Ons is bly om te bevestig dat die versekeraar in Mei 2025 hul risikovoortariewe vir die begrafnisvoordeel met 18% verlaag het, en die tariewe vir die enkelbedrag-sterftevoordele, inkomste-ongeskiktheidsvoordeel en vrywillige ernstige siektevoordeel onveranderd gehou het. Hierdie kostebesparings is vanaf 1 Julie 2025 aan ons lede deurgegee in die vorm van addisionele spaarbydraes tot hul aftrede.

GOEIE BESTUURSTOESIG: Goeie bestuurtoesig is nog steeds allerbelangrik vir die Fonds. Die Fonds se eksterne ouditeure, PricewaterhouseCoopers (PwC), was weer verantwoordelik vir die audit van en verslagdoening oor ons finansiële jaarstate vir die jaar tot 30 Junie 2025. PwC het weer eens 'n ongekwalifiseerde audit uitgereik.

Die Fonds se jaarplan maak outomaties voorsiening vir die hersiening van verskeie beleide en protokolle gedurende die jaar. Voorts bring enige wetsveranderinge mee dat nuwe protokolle opgestel of huidige protokolle hersien word om voldoening aan wetgewing te verseker. Verskeie protokolle en beleide is gedurende die oorsigjaar hersien. Heelwat tyd is aan kuberseiligheid bestee, en 'n Fondsbeleid en -strategie is in ooreenstemming met wetgewing opgestel en goedgekeur. Verder het die Raad van Trustees, hoofbeampte en die Fonds se administrateur, Verso Benefits Administrator, gefokus op die implementering van die tweepot-aftreestelsel, en voorligting van ons lede in hierdie verband.

ONS PENSIOENARISBATES: Die gedeelte van die pensioenarisportefeulje wat volgens 'n laste-gedrewe beleggingstrategie bestuur word, het weer eens die verpligting ten opsigte van pensioenarisse geëwenaar en die trustees het 'n pensioenverhoging in ooreenstemming met die Pensioenverhogingsbeleid toegestaan, sonder om die algehele befondsingsvlak van die pensioenarisportefeulje in gevaar te stel. 'n Pensioenverhoging van 5.1% is toegestaan op 1 Januarie 2025, en 'n diskresionêre pensioenarisbonus ten bedrae van 100% van pensioenarisse se bruto pensioen is in Desember 2024 betaal. Die waarde van die pensioenverhoging en bonus was gelyk aan 'n verhoging van 121% van prysinflasie tot Junie 2024. Dit was hoër as die teiken van 80% van prysinflasie, danksy die addisionele uitkering van surplus om beide die pensioenverhoging bo die teiken en die bonusbetaling te befonds. Op advies van die aktuaris het die trustees daarna in Februarie 2025 die pensioenteiken tot 100% van prysinflasie verhoog.

Bogenoemde word deur die Fonds se aktuaris in sy terugvoer bespreek.

“What you do makes a difference, and you have to decide what kind of difference you want to make.”

– Jane Goodall





SALGBC – KOLLEKTIEWE OOREENKOMS VIR AFTREEFONDSE: Die Fonds hou deurentyd al sy belanghebbendes op hoogte van die ontwikkelinge rondom die Kollektiewe Ooreenkoms vir Aftreefondse (die Kollektiewe Ooreenkoms) en die negatiewe uitwerking daarvan op lede se gevestigde regte. Die Fonds het via die Munisipale Aftree-organisasie (MRO) tot regsaksie oorgegaan en die uitspraak gelewer op 20 Februarie 2023 was ten gunste van die MRO. Dit beteken die voorwaardes soos uiteengesit in die Kollektiewe Ooreenkoms kan nie toegepas word nie en plaaslike owerheidsaftreefondse sal nie aan akkreditering onderhewig wees nie. Alle aftreefondse in die plaaslike owerheidsektor kan in bedryf bly.

Die partye tot die Kollektiewe Ooreenkoms (d.i. die Respondente) het daarna aansoek gedoen om teen die hof se beslissing te appelleer. Aangesien die MRO by hul AJV in 2023 sowel as in 2024 'n besluit geneem het om voort te gaan met al die nodige regstappe om die regte en belange van pensioenfondse, hul lede en pensioenarisse te verdedig, het hulle bogenoemde appèl teengestaan. Die appèl wat deur SALGA en SALGBC ingedien is, is met koste van die hand gewys. Die Hof het die hele Kollektiewe Ooreenkoms van 15 September 2021 ter syde gestel – insluitend klousule 8, wat vir aftreefondse 'n groot twispunt was. Dit beteken munisipaliteite mag geen plaaslike owerheidsaftreefondse verhoed om deel te neem of nuwe lede te aanvaar nie, en hierdie fondse hoef nie geakkrediteer te wees nie.

SKAKELING MET LEDE: Ons glo steeds dat ons lede beheer oor die uitkoms van hul besluite moet hê, en daarom moet die Fonds met ons lede skakel, voorligting verskaf en hulle ondersteun. Ons het by talle geleenthede gedurende die oorsigjaar persoonlik met lede en by hul onderskeie werkplekke geskakel. Die fokus van hierdie sessies was op die implementering van die tweepot-aftreestelsel vanaf 1 September 2024 en lede se vermoë om vanaf 1 Maart 2025 onttrekkings uit hul spaarpot aan te gaan. Die Raad verstaan dat dit vir baie lede moeilik is om die versoeking te weerstaan om vroeë onttrekkings uit hul spaarpot aan te gaan. Een van die beste dinge wat lede met die oog op hul toekoms kan doen, is egter om sover moontlik hul volle aftreevoordeel tot aftrede te bewaar.

Ons het ook verskeie skriftelike kommunikasies en vraag-en-antwoord-gidse uitgereik om ons lede te help. Hierdie inligting is alles op die Fonds se webwerf beskikbaar. Ons sal voortgaan om met ons lede en ander belanghebbendes te skakel – van aangesig tot aangesig, webinare, video's en doelgerigte skriftelike kommunikasie met spesifieke groepe.

VOORUITSKOUEND: As ek terugdink aan die Fonds se reis van meer as 70 jaar (**10 jaar** sedert sy naamverandering op 1 Junie 2016 van Kaapse Gemeenskaplike Pensioenfonds na LA Aftreefonds) en die beduidende vordering wat tot dusver gemaak is, kan ek met sekerheid sê dat die Raad 'n duidelike visie van die Fonds se toekoms het. Ons bly daarop toegespits om ons fidusiêre verantwoordelikhede teenoor ons lede, afgetredenes en pensioenarisse deur 'n toegewyde fokus op kostebestuur, verantwoordelike belegging en goeie bestuurstoetsing na te kom. Ons langtermyn-visie word steeds gelei deur die sterk grondslag waarop ons bestuurstoetsing berus.

DANKWOORD: Weer eens baie dankie aan ons deelnemende werkgewers, lede, afgetredenes en pensioenarisse, sonder wie se ondersteuning en vertroue die LA Aftreefonds nie sou bestaan het nie. Ons sien uit daarna om steeds daardie vertroue met bestendige beleggingsprestasie, voortreflike dienslewering en wêreldklas bestuurstoetsing te beloon in die jare vorentoe.

Dankie aan my medetrustees vir hul volgehoue toewyding, professionaliteit en ondersteuning, en aan die res van die span (die professionele diensverskaffers en hoofbeampte), vir hul ondersteuning, toewyding en harde werk om die belange van ons lede te dien en te beskerm.

“The farther backward you can look, the farther forward you are likely to see.” – Winston Churchill

Hoofbeampste se Verslag



“Good governance is about people, processes, and purpose working together over time.” – Sir Adrian Cadbury



Ilse Hartlief / Hoofbeampte

Soos in die vorige jaarverslag genoem, maak goeie bestuurstoesig staat op 'n gekoördineerde spanpoging om die Fonds te bestuur. Dit is my verantwoordelikheid om al die diensverskaffers en die Raad van Trustees byeen te bring om die regte besluite te neem wat in ons lede, afgetredenes en pensioenarisse se beste belang is. Terugskouend oor die afgelope jaar, word ek herinner aan die volgehoue toewyding van die Raad van Trustees en al die Fonds se diensverskaffers om hul beloftes aan ons belanghebbendes na te kom.

FONDSREËLS: Gedurende die tydperk tot 30 Junie 2025 is 'n belangrike en verreikende stuk wetgewing, naamlik die tweepot-aftreestelsel, in werking gestel. Die doel van die tweepot-aftreestelsel is om 'n struktuur te skep wat Suid-Afrikaners in staat stel om meer doeltreffend en met sekerheid vir aftrede te spaar. Dit is moontlik gemaak deur Reëlwysiging 11. Reëlwysigings 12 en 13 is gefinaliseer om klein tegniese aanpassings aan te bring aan die tweepot-reëls en die reëls van die Fonds se Lewensannuïteit, wat andersins bekend staan as die Gepoelde Annuïteitrekening (PAC). Die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) se riglyn is dat reëls gekonsolideer moet word indien 10 of meer wysigings opgestel en goedgekeur is. Die Fonds het 'n konsolidasieproses onderneem en sommer die kans benut om die Reëls te hersien en die bewoording aan te pas om wetsveranderinge te weerspieël. Die Fonds se hersiene Reëls is met ingang van 1 April 2025 deur die FSCA goedgekeur en is beskikbaar op die Fonds se webwerf.

HERSIENING VAN BELEIDE EN PROTOKOLLE: Die Fonds het gedurende die oorsigtydperk verskeie Fondsbeleide en -protokolle hersien, hoofsaaklik om hulle in ooreenstemming te bring met die jongste Aanwysings en Gedragstandaarde soos uitgereik deur die FSCA, en met beste praktyk in die bedryf. Die hersiening van die Fonds se protokolle is by die Fonds se jaarplan ingesluit om te sorg dat hulle nie oor die hoof gesien word nie.

Die vernaamste fokus vir die oorsigjaar was op alle kuberverwante aspekte, ná die bekendstelling van die FSCA se Gesamentlike Standaard oor Kuberveiligheid en Kuberveerkragtigheid (Gesamentlike Standaard), wat vereis dat alle finansiële instellings – insluitend aftreefondse en hul diensverskaffers – prosesse implementeer en seker maak dat hulle die hulpmiddels en tegnologie het om hulle op moontlike kuberaanvalle voor te berei en van sulke aanvalle te herstel. Die Gesamentlike Standaard het op 1 Junie 2025 van krag geword en, soos altyd, het die Fonds vinnig opgetree om seker te maak dat die nodige beleid, strategie, raamwerk, aksieplan en insidentbestuurplan betyds in werking gestel word.

UDITKOMITEE: Die Ouditkomitee het gedurende die oorsigjaar weer gefokus op die Fondsoudit deur die interne sowel as die eksterne ouditeure, hersiening van die Fonds se begroting, en finalisering en goedkeuring van die Fonds se finansiële jaarstate. Soos altyd, is dit vir my baie aangenaam om te bevestig dat die Fonds steeds skoon oudits ontvang en dat die ouditmening oor die finansiële jaarstate ongekwalifiseerd is. Die begroting vir die finansiële jaar word in Junie deur die Ouditkomitee bepaal en deur die Raad goedgekeur. Dit is weer eens in Januarie hersien om besparings en enige groot uitgawes in ag te neem. Hierdie proses is deel van goeie bestuurstoesig. Dit verskerp ons fokus op potensiële kostebesparings, terwyl ons weet dat dit 'n invloed het op die wins en uiteindelik op lede se bydraes tot hul aftreespaarfonds.

HERSIENING VAN RISIKOVOORDELE: Die Fonds se verkrygingsbeleid bevat onder andere 'n lys van al die Fonds se diensverskaffers en meld hoe gereeld elke diens formeel hersien word. Ons doen dan 'n formele markondersoek om uit te vind wat aangebied kan word en watter prysstrukture van toepassing is. Dieselfde proses word elke jaar in April gevolg, wanneer ons die Fonds se risikovoordere (d.i. opsionele versekerde sterftevoordeel, opsionele versekerde inkomste-ongeskiktheidsdekking, begrafnisdekking en vrywillige versekerde ernstige siekte-voordeel) hersien. Ek bevestig graag dat die koste van die verskaffing van begrafnisdekking met 18% verlaag is, terwyl die koste van die sterftevoordeel en inkomste-ongeskiktheidsvoordeel asook die vrywillige versekerde ernstige siekte-voordeel onveranderd gebly het. Die kosteverlaging het 'n positiewe impak op lede gehad, omdat die kostebesparings na aftreebefondsing gekanaliseer word.

TWEEPOT-AFTREESTELSEL: Die Fonds se verskillende belanghebbendes, waaronder die administrateur en SARS, het onverpoosd gewerk om suksesvolle implementering in September 2024 te verseker. Die buigzaamheid van vroeë toegang tot aftreefondse via lede se spaarpot verg ook groter verantwoordelikheid van lede. Lede word herinner om, indien moontlik, liever te probeer vermy om jaarliks geld uit hul spaarpot te onttrek of beskikbare aftreespaargeld in kontant te omskep wanneer hulle van werk verander.

CoFI: Die FSCA se fokus op die tweepot-aftreestelsel in 2024 en kuberveiligheid in 2025 het meegebring dat die tydraamwerk vir die implementering van ander belangrike stukke wetgewing, soos die Wetsontwerp op die Gedrag van Finansiële Instellings (CoFI), weer vertraag is. CoFI is 'n sleutelkomponent in die regering se sogenaamde "Twin Peaks" regulatoriese hervormingsproses, wat ten doel het om beter finansiële uitkomst vir kliënte in die SA finansiële sektor te vestig. Kortliks is die Wetsontwerp daarop gemik om 'n gekonsolideerde, omvattende en konsekwente regulatoriese raamwerk daar te stel vir die gedrag van finansiële instellings, waarvan aftreefondse deel uitmaak.

Hoewel ons Kommunikasiebeleid reeds die beginsels vir die Billike Behandeling van Kliënte (BBK-beginsels) insluit, sal daar talle ander vereistes van die Wetsontwerp wees wat ons aandag sal verg wanneer dit afgekondig word. CoFI sal ook die behoefte aan sekere huidige wette met betrekking tot die finansiële sektor uitskakel, en ander wetgewing wysig – in die besonder die Pensioenfondswet. Die oorgang na volle implementering, wanneer die Wetsontwerp goedgekeur is, sal na verwagting enigiets tussen drie en ses jaar duur. Die CoFI-wetsontwerp is tans by die Minister van Finansies, wat dit na verwagting aan die Kabinet sal voorlê. Ná goedkeuring deur die Kabinet, sal dit in 2026 na die Parlement gaan. Die Wetsontwerp moet deur die Nasionale Tesourie goedgekeur en deur die Parlement onderskryf word voordat dit bekragtig en ten volle in werking gestel kan word.

VERKIESING VAN LIDTRUSTEES: Die Raad van Trustees het gedurende die oorsigjaar nog 'n suksesvolle trusteeverkiesing onderneem. Die proses het gedurende die tweede kwartaal van 2025 begin, aangesien 'n vakature vir 'n lidtrustee teen 1 Januarie 2026 gevul moes word. Die Raad het die heraanstelling van mev Michelle van Zyl as 'n lidtrustee vir nog 'n 5-jaartermyn vanaf 1 Januarie 2026 verwelkom.

"Never doubt that a small group of thoughtful, committed citizens can change the world; indeed, it's the only thing that ever has."

– Margaret Mead

Fondsorsig 2024 / 2025





Die LA Aftreefonds is daartoe verbind om die finansiële toekoms van sy lede te beskerm, deur betroubare aftree- en risikovoordere te verskaf. Met 'n goed gediversifiseerde beleggingsportefeulje en 'n gedissiplineerde langtermynstrategie streef die Fonds om bestendige opbrengste te lewer, met oordeelkundige risikobestuur en beskerming van lede en afgetredenes se sekuriteit.

ONS VISIE

Die Fonds se visie is “om die beste moontlike aftree-uitkoms aan al sy lede, afgetredenes en pensioenarisse te gee”.

ONS MISSIE

Die Fonds se missie is “om 'n vertroude finansiële en beleggingsvennoot te wees vir sy lede, afgetredenes en pensioenarisse, hul aftreereis saam met hulle te onderneem en hulle te help om die positiewe aftree-uitkoms te kry wat hulle nodig het”.

"Don't sit down and wait for the opportunities to come. Get up and make them." – Madam C.J. Walker

Met 'n terugblik op die oorsigjaar, gee hierdie afdeling 'n oorsig van die Fonds, met die klem op kernstatistieke wat die Fonds se skaal, prestasie en lidmaatskapprofiel illustreer.

FONDSBATES EN LIDMAATSKAP



"Time is your greatest ally when it comes to investing for retirement."

- Dave Ramsey

STATISTIEKE VIR DIE TWEEPOT-AFTREESTELSE

- Getal lede wat om spaarpot-onttrekkings aansoek gedoen het in die tydperk 01/09/2024 tot 30/06/2025: **879**
(530 lede vir die tydperk 01/09/2024 tot 28/02/2025 en 349 lede vir die tydperk 01/03/2025 tot 30/06/2025)
- Getal lede wat in beide die 2025- en 2026-belastingjaar 'n spaarpot-onttrekking aangegaan het: **277**
- Totale waarde van die spaarpot-onttrekkings vir die tydperk 01/09/2024 tot 30/06/2025: **R19 500 243.92**

"Beware of little expenses. A small leak will sink a great ship."

- Benjamin Franklin

KOMMUNIKASIEKANALE

Oop en doeltreffende kommunikasie is noodsaaklik om te verseker dat lede en afgetredenes op hoogte van sake bly, ondersteun word en met die Fonds in aanraking bly. Die beskikbaarheid van verskillende kommunikasiekanale – insluitend beveiligde webtoegang, ’n toegewyde selfoon-app, e-poskommunikasie en bygewerkte kontakbesonderhede soos selfoonnommers – maak dit moontlik om betyds toegang tot inligting te kry en dienslewering te bespoedig. Hierdie kanale speel ’n uiters belangrike rol om lede en afgetredenes te help om met die Fonds in aanraking te bly, ingeligte besluite te neem, en hul voordele met vertroue te bestuur.

Die volgende statistieke toon toegang vir die verskillende lidgroepe vir die oorsigjaar.

Kommunikasiekanaal	Gemiddelde ouderdom
Aktiewe lede Geregistreer vir webtoegang: 77% Geregistreer vir selfoon-app: 37% E-posadres op rekord: 83% Selfoonnommer op rekord: 95%	47 jaar
IFLA- & PAC-afgetredenes Geregistreer vir webtoegang: 52% Geregistreer vir selfoon-app: 84% E-posadres op rekord: 70% Selfoonnommer op rekord: 94%	63 jaar
Vastevoordeel-pensioenarisse E-posadres op rekord: 65% Selfoonnommer op rekord: 54% Elektroniese betaalstrokies: 47%	79.3 jaar



Grant Greenfield
Aftreevoordeleraadgewer

***"Sometimes, you have to look
back in order to understand the
things that lie ahead."***

– Yvonne Woon

FONDS SE DIENSSENTRUM & VOORLIGTING OOR AFTREEVOORDELE

Die administrasiespan was gedurende die hele jaar steeds daarop toegespits om flink verpersoonlikte ondersteuning aan lede te lewer deur hulle te help om ingeligte besluite oor hul aftreespaargeld te neem. Volgehoue ondersteuning is ook aan afgetredenes, pensioenarisse en ons MH-vennote verleen wat die beantwoording van navrae en administratiewe kwessies betref.

Hierdie afdeling verskaf sleutelstatistieke vir die oorsigjaar wat die omvang en impak van hierdie dienste illustreer. Saam weerspieël hierdie insigte die Fonds se volgehoue verbintenis om lede toe te rus met die inligting en hulpbronne wat nodig is om vir 'n veilige en lonende aftrede te beplan.

Fonds se dienssentrum	Voorligting oor Aftreevoordele (VAV)
Getal inkomende oproepe – 984 Getal e-posse ontvang – 3 826 Getal WhatsApp-boodskappe – 396 Getal instap-navrae – 53	VAV verskaf vir onttrekkings – 13 VAV verskaf vir aftredes – 27 VAV verskaf aan meerderjarige begunstigdes – 2 Voorligting verskaf aan nuwe lede – 24
Syfers t.o.v. tweepot-aftreestelsel Getal inkomende oproepe – 597 Getal e-posse ontvang – 852 Getal WhatsApp-boodskappe – 58	



SKAKELING MET LEDE EN WERKGEWERS

Wat die afgelope jaar betref, was sinvolle skakeling steeds 'n hoeksteen van die Fonds se verbintenis tot deursigtigheid en ingeligte besluitneming. Ons het ons uitreikingsinisiatiwe voortgesit deur lede te besoek en ten nouste met MH-spanne oor verskillende streke heen saam te werk. Dit het bywoning van verskeie werkgewergedrewe welstandgeleenthede ingesluit.

Hierdie skakeling het oop dialoog moontlik gemaak en duidelikheid gegee oor wat die Fonds bied. Dit het ook die geleentheid geskep vir verpersoonlikte leiding aan lede volgens hul individuele behoeftes.

In die loop van die jaar is 'n reeks inligtingsessies aangebied om lede 'n groter begrip van die Fonds se voordeelstruktuur en beleggingsopsies te gee. Hierdie groepsessies is aangevul deur persoonlike konsultasies, wat verseker het dat lede die geleentheid gekry het om spesifieke vrae te vra en groter vertroue in hul aftreebeplanningsbesluite te kry. Ons deurlopende samewerking met MH-spanne het gedeelde begrip en doeltreffende kommunikasie met al die deelnemende werkgewers versterk.

Hierdie interaksie het nie net gehelp om ingewikkelde aftreesake verstaanbaar te maak nie, maar ook vertroue en betrekkinge tussen die Fonds, sy lede en MH-vennote versterk. Ons het ook voortgegaan om by wyse van oriënteringssessies die Fonds aan nuwe werknemers bekend te stel, wat uit die staanspoor vroeë interaksie en bewustheid ondersteun het.

Gereelde nuusbriewe en nuusflitse is aan lede, afgetredenes, pensioenarisse en ons MH-vennote versprei om belangrike Fondsnuus en regulatoriese ontwikkelinge deur te gee. Verder is video-opnames op die Fonds se omvattende webwerf beskikbaar gestel, om te verseker dat inligting altyd toeganklik bly.


Terugvoer van lede was oorweldigend positief, en baie het hul dankbaarheid uitgespreek oor die duidelike, praktiese verduidelikings van hul aftreevoordele.

Vooruitskouend bly die Fonds daartoe verbind om waar moontlik prioriteit te gee aan direkte skakeling, en te verseker dat alle belanghebbendes toegerus word met die kennis en die nodige ondersteuning kry om hul aftreevoordele ten beste te benut.

"An investment in knowledge pays the best interest."

– Benjamin Franklin

KLIËNTSKAKELBEAMPTES



Glenda Kunene, Rina Syer en
Lakhiwe Ngo

STATISTIEK VAN KLIËNTSKAKELBEAMPTES

Kommunikasie	Getalle
Aantal besoeke vir die tydperk 01/07/2024 tot 30/06/2025	172
WhatsApp-boodskappe ontvang deur die kliëntskakelbeamptes vir die tydperk 01/07/2024 tot 30/06/2025	382
Oproepe ontvang deur die kliëntskakelbeamptes vir die tydperk 01/07/2024 tot 30/06/2025	400
E-posse ontvang deur die kliëntskakelbeamptes vir die tydperk 01/07/2024 tot 30/06/2025	731




PENSIOENVERHOOGING & BONUS

Die Raad van Trustees het in 2024 'n verbetering in die Pensioenverhogingsbeleid goedgekeur. Die pensioenverhogingsteiken is van 70% opgestoot na **80%** van die Verbruikersprysindeks (VPI) tot die vorige 30 Junie.

Vooruitskouend, en danksy die sterk surplus in die Pensioenarisrekening, het die Raad van Trustees 'n verdere verhoging van die pensioenverhogingsteiken goedgekeur, van 80% na 100% van prysinflasie (VPI) tot die vorige 30 Junie. Dit sluit enige bonuswaarde in. Hierdie besluit verteenwoordig 'n belangrike mylpaal vir die Fonds en beklemtoon die Fonds se verbintenis om die koopkrag van pensioene oor die lang termyn te behou, mits die Fonds steeds sulke verhogings kan bekostig.

Dit was vir die Raad van Trustees verblydend om surplus te kan uitkeer, wat gelei het tot 'n hoër pensioenverhoging en bonus aan pensioenarisse as wat die Fonds se Pensioenverhogingsbeleid bepaal.



Die pensioenverhoging en bonus was gelyk aan 'n verhoging van 167% van prysinflasie tot Junie 2025 (ten opsigte van die 1 Januarie 2026-verhoging) en 121% van prysinflasie tot Junie 2024 (ten opsigte van die 1 Januarie 2025-verhoging).

"True compassion means not only feeling another's pain but also being moved to help relieve it."

- Daniel Goleman

Opgesomde Finansiële Verslag vir 2024/2025



OUDITKOMITEE

Die vernaamste inkomste- en uitgawe-items vir die finansiële jaar was soos volg:

	2025	2024
Opgehoopte fondse aan begin van tydperk:	R3 515 476 822	R3 502 418 455
Plus: Inkomste	R miljoen	R miljoen
Bydraes – lede en werkgewers	93	93
Herversekeringsverhalings	5	10
Netto beleggingsinkomste	449	341
Ander inkomste	1	0
Minus: Uitgawes		
Maandelikse pensioene	152	156
Maandelikse annuïteite	20	19
Oordragte na ander fondse	0	10
Tweepot-spaarfondse	20	0
Ander voordele	225	221
Herversekeringspremies (Risikovoordede herverseker)	10	11
Bedryfs-, administrasie- en bestuurskoste	15	14
Opgehoopte fondse aan einde van tydperk:	R3 621 177 102	R3 515 476 822

"A good financial plan is a road map that shows us exactly how the choices we make today will affect our future." – Alexa Von Tobel



VOORDELE BETAAL

Met uitsluiting van die maandelikse pensioen- en annuïteitbetalings, is die ander groot voordele wat gedurende die finansiële jaar deur die Fonds betaal is soos volg:

	2025	2024
Enkelbedragbetalings by aftrede	R176 504 694	R151 009 642
Getal lede	55	57
Enkelbedragbetalings met afsterwe	R20 633 170	R37 873 187
Getal lede	11	11
Bedankingsvoordele	R23 996 170	R23 395 037
Getal lede	28	45

FONDSE EN RESERWES

Fondse en reserwes bestaan uit die som van lede en pensioenarisse se belang in die Fonds. Gedurende die oorsigjaar het die totale fondse en reserwes met R106 miljoen toegeneem.

KOSTEBESTUUR

Die Fonds het daarin geslaag om die totale bedryfs-, administrasie- en bestuurskoste goed onder beheer te hou, met 'n toename van R319 959. Dit is 'n toename van slegs 2.23%.

ONGEKWALIFISEERDE OUDIT

Die Fonds het weer eens 'n ongekwalifiseerde auditverslag van sy eksterne ouditeur PwC Ing. ontvang. Die finansiële jaarstate kan gelees word by www.laretirementfund.co.za.

Aktuariële Verslag





**Sean Neethling | Fondsaktuaris
Momentum Konsultante en Aktuarisse
(Edms) Bpk**

Historiese ervaring is nie 'n betroubare aanwyser van toekomstige resultate nie. Om met sekerheid die toekoms te voorspel, is selde moontlik. Professionele persone maak eerder staat op gesofistikeerde modelle, met uitgebreide ervaring en gesonde oordeel, om leiding te gee wat daarop gemik is om in 'n inherent onseker omgewing die beste moontlike uitkomst te kry.

Om doeltreffend te wees, moet hierdie modelle op betroubare data van hoë gehalte gegrond wees. Die resultaat hang af van hoe betroubaar die insette is. Die breë ekonomiese konteks word met omsigtigheid daarby ingesluit, en modelle word gereeld hersien en verfyn op grond van werklike uitkomst. Ervare professionele oordeel is uiteindelik van kardinale belang om resultate te interpreteer en op 'n weldeurdagte wyse aan te wend.


'n Praktiese voorbeeld is projeksies ten opsigte van pensioenarisse se lewensduur. In die geval van 'n groot groep pensioenarisse is toekomstige lewensduurpatrone geneig om redelik stabiel en voorspelbaar te wees. Hoewel gebeurtenisse soos die afgelope pandemie tydelike ontwrigtings veroorsaak het, bly die algemene neiging konstant. Lewensduur het wêreldwyd oor die eeue heen verbeter, en ons verwag dat dit steeds sal verbeter danksy mediese vooruitgang, beter voeding en gesonder leefstyle.

Modelle soos hierdie maak innoverende oplossings soos die Gepoelde Annuïteitrekening (PAC) moontlik. Deur deelnemers in 'n poel saam te voeg, deel die groep gesamentlik die impak van verskillende lewensduur-ervarings. Hierdie risikodelingsmeganisme maak dit moontlik om 'n lewenslange pensioen te verskaf. Dit verseker dat inkomste voortgaan ongeag hoe lank 'n persoon lewe, terwyl daar op die stabiliteit van die groot poel staatgemaak word.

AKTUARIËLE WAARDASIE

Die doel van die aktuariële waardasie is om die finansiële posisie van die Fonds te bepaal. Dit word verkry deur die waarde van die bates in die Fonds met die waarde van vorige diens-voordele en reserwes te vergelyk. Hierdie waardasie vorm die grondslag vir die voorgestelde pensioenverhoging wat die Fonds kan bekostig.

Op 30 Junie 2025 was die finansiële posisie van die Pensioenarisrekening en die Vastebydrae-afdeling (VB-afdeling) soos volg:



"The future cannot be predicted, but it can be prepared for." – Pericles

Die Pensioenarisrekening sluit vastevoordeel-pensioenarisse en PAC-annuïtante in. Die rekening was 112.1% befonds, met 'n surplus van R138 miljoen soos op 30 Junie 2025. Die VB-afdeling sluit lede se belange en In-Fonds Lewende Annuïtante in. Die VB-afdeling was 100% befonds op 30 Junie 2025. Daar is geen surplus in die VB-afdeling nie.

'n Solvensiereserwe van R18.3 miljoen is ingesluit by die waarde van die vorigediens-voordele en reserwes in die Pensioenarisrekening. Die Solvensiereserwe help om die Pensioenarisrekening teen moontlike toekomstige nadelige fondservaring te beskerm.

Aangesien die Pensioenarisrekening steeds 'n sterk surplus gehad het, het die Raad van Trustees die pensioenverhogingsteiken van 80% na 100% van prysinflasie (VPI) tot die vorige 30 Junie verhoog, met insluiting van die waarde van enige bonus. Dit beteken dat die koopkrag van pensioene oor tyd stabiel sal bly – mits die Fonds natuurlik die verhogings kan bekostig. Dit is 'n groot mylpaal vir die Fonds.

'n Bonus van 100% van maandelikse pensioen is in Desember 2025 aan pensioenarisse toegestaan.

'n Pensioenverhoging van 4.0% is vanaf 1 Januarie 2026 toegeken.

Die Fonds is in 'n gesonde finansiële posisie soos op 30 Junie 2025.

Beleggings- verslag



3	5	9	12	20	23	26	30
Boodskap van die Trustees	Voorsittersverslag	Hoofbeampte se Verslag	Fondsoorsig 2024/2025	Opgesomde Finansiële Verslag vir 2024/2025	Aktuariële Verslag	Beleggingsverslag	Kontakbesonderhede

"Good investment results are the product of time, discipline, and patience through changing economic and market conditions." – Howard Marks

EKONOMIESE OORSIG

Internasionale finansiële markte het 'n kombinasie van wisselvalligheid en geleidelike herstel ervaar oor die tydperk van 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2025. Teen die einde van 2024 het groot sentrale banke soos die Amerikaanse Federale Reserweraad en die Europese Sentrale Bank rentekoerse begin verlaag, wat op daardie tydstip wêreldmarkte ondersteun het. Ontluikende markte het ook gedurende dié tydperk sterk presteer. Die MSCI Indeks van Ontluikende Markte het in September 2024 beduidend gestyg, wat 'n verbetering in sentiment weerspieël.

Vroeg in 2025 het marktoestande verswak met die VS se aankondiging van nuwe tariefmaatreëls deur die pas verkose Amerikaanse president Donald Trump. Die tariewe raak groot handelsvennote en die gevolglike druk op ontwikkelde markte het meegebring dat die MSCI Wêreldindeks in Maart 2025 met 4.5% gedaal het. Desondanks het ontluikende markte betreklik veerkragtig gebly, danksy China se stimuleringsmaatreëls en sterker kommoditeitspryse. Teen die middel van 2025 het toestande in wêreldmarkte weer verbeter. Wêreldinflasie het verder afgekoel, die Amerikaanse dollar het verswak, en effektemarkte het verbeter. Hierdie verbeterings het 'n meer stabiele internasionale beleggingslandskap in die tweede helfte van die jaar ondersteun.

Suid-Afrika se ekonomiese omgewing het verbeter terwyl inflasie aan die begin van 2025 afgekoel het. Hierdie dalende inflasietendens het verwagtings van verdere koersverlagings ondersteun, nadat die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) in September 2024 vir die eerste keer sedert 2020 die repokoers verlaag het.

Plaaslike finansiële markte het baat gevind by sterk prestasie van kommoditeitspryse, veral dié van platinum en goud. Platinum-myne het skerp gestyg – in Junie 2025 alleen met 19%, en 83% vir die jaar tot dusver. Dit is ondersteun deur 'n styging van 28.5% in die platinumprys. Goudposisies het ook goed gevaar terwyl internasionale beleggers hulle tot veilighawe-bates gewend het. Goud het oor die jaartydperk tot Junie 2025 'n opbrengs van 37.8% behaal.

Vooruitskouend, na 30 Junie 2025, het Suid-Afrika se groeiprojeksie vir 2025 bo 1% gebly. Hierdie verwagting is ondersteun deur laer inflasie, verbeterde verbruikersbesteding en meer stabiele energietoestande, hoewel daar steeds strukturele uitdagings is. Die rand het by tye veerkragtig vertoon gedurende die finansiële jaar, en teenoor die Amerikaanse dollar versterk.

Beide internasionale en plaaslike markte het ondanks periodieke wisselvalligheid veerkragtig vertoon gedurende die afgelope jaar. Laer inflasie, stabiliserende rentekoerse en sterk kommoditeitspryse het 'n sleutelrol gespeel om beleggingsuitkomst te ondersteun. Hierdie tendense het uiteindelik bygedra tot 'n meer konstruktiewe beleggingslandskap aan die einde van die tydperk.

"Planning is bringing the future into the present so that you can do something about it." – Alan Lakein



Nic du Toit en Tlotliso Modise
Beleggingskonsultante, Simeka

LA AFTREEFONDS SE RESULTATE SOOS OP 30 JUNIE 2025

Beleggingsopbrengste tot Junie 2025	Kwartaal %	Kalender –JTD*	1 jaar % p.j.	3 jaar % p.j.	5 jaar % p.j.	7 jaar % p.j.
LA Wealth Creation	6.70%	7.40%	15.00%	14.50%	13.70%	10.20%
Kleinhandelsportuurgroep	5.90%	6.20%	13.30%	11.50%	10.10%	7.20%
VPI**+6%	2.30%	5.10%	8.80%	10.80%	11.20%	10.70%
LA Wealth Consolidation	6.20%	6.40%	14.00%	13.40%	12.80%	10.00%
Kleinhandelsportuurgroep	5.30%	5.70%	12.40%	10.70%	9.00%	6.80%
VPI**+4.5%	2.00%	4.40%	7.30%	8.90%	9.30%	8.70%
LA Capital Protection	2.50%	5.00%	11.50%	11.30%	11.10%	9.40%
Kleinhandelsportuurgroep	4.30%	4.90%	11.70%	10.00%	8.10%	6.60%
VPI**+3.5%	1.70%	3.90%	6.30%	7.30%	7.50%	6.90%
LA Cash Plus	3.20%	5.00%	11.60%	10.60%	9.30%	8.20%
Kleinhandelsportuurgroep	2.30%	3.60%	9.10%	8.30%	7.00%	6.70%
STeFI***+1%	2.10%	4.30%	9.10%	8.80%	7.30%	7.50%
LA Shari’ah	3.90%	5.50%	8.80%	10.70%	10.30%	7.70%
Shari’ah–maatstaf	4.90%	6.00%	10.10%	9.30%	9.20%	8.50%
VPI+5%	2.10%	4.60%	7.80%	9.80%	10.20%	9.70%

* JTD = Jaar tot dusver; in hierdie geval, die maande van 1 Januarie 2025 tot 30 Junie 2025.
** VPI = Verbruikersprysindeks. VPI-teikens vir LA Wealth Consolidation en LA Capital Protection is ’n kombinasie van die vorige en die nuwe teiken.
***STeFI = Korttermyn-vasterente-indeks (vir kontant- of geldmarkopbrengste).



LA Wealth Creation

Die LA Wealth Creation portefeulje het positiewe opbrengste behaal teen Junie 2025, met 7.4% vir die jaar tot dusver en 15.0% oor die jaartydperk. Hierdie opbrengste was hoër as dié van die kleinhandelsportuurgroep en ver bo die teiken van VPI+6%. Oor langer tydperke (3, 5 en 7 jaar) het die portefeulje mededingend gebly met betrekking tot sy kleinhandelsportuurgroep, met 'n gerieflike voorsprong van VPI+6%.



LA Wealth Consolidation

Die LA Wealth Consolidation portefeulje het 6.4% behaal vir die jaar tot dusver (JTD), en 14.0% oor die jaartydperk. Die portefeulje het beter gevaar as die kleinhandelsportuurgroep wat JTD-prestasie betref, en ook sy teiken van VPI+4.5% oor alle tydperke oortref.



LA Capital Protection

Te midde van wisselvalligheid in die markte gedurende die jaar tot Junie 2025, het die LA Capital Protection portefeulje volgens plan presteer en lede se kapitaal oor dié tydperk beskerm. Die portefeulje se prestasie het inflasie ver oortref en was in ooreenstemming met dié van die kleinhandelsportuurgroep oor die jaartydperk. Oor alle ander tydperke langer as een jaar het die portefeulje die kleinhandelsportuurgroep en die VPI-teiken oortref.



LA Cash Plus

Die LA Cash Plus portefeulje het besonder goed gevaar, en STeFI+1% sowel as die onderskeie kleinhandelsportuurgroepe oor alle tydperke geklop.



LA Shari'ah

Die LA Shari'ah portefeulje het 'n JTD-opbrengs van 5.5% aangeteken, en 8.8% oor die jaartydperk. Hoewel dit effens laer is as die maatstaf se prestasie oor dieselfde tydperk, was dit nog steeds 1% beter as die teiken van VPI+5%. Oor die 3- en 5-jaartydperke het die portefeulje beide bogenoemde maatstawwe oortref, en oor die 7-jaartydperk was dit net effens laer as die maatstawwe.

Terugskouend oor die jaar, het die Fonds ondanks die markwisselvalligheid bestendig en in ooreenstemming met sy langtermyn doelwitte presteer. Dit onderstreep hoe belangrik dit is om geduldig te wees en deur marksiklusse heen steeds te belê. Hierdie terugskouing het ook 'n stewige grondslag gelê vir voortgesette groei in die jare vorentoe.

"The stock market is a device for transferring money from the impatient to the patient." – Warren Buffett



Kontakbesonderhede

Fisiese adres:	Belmont Office Park Twiststraat Bellville 7530
Posadres:	Posbus 4300 Tygervallei 7536
Tel:	021 943 5305
WhatsApp-nommer:	076 073 0997 (tussen 08h00 – 16h00)
E-pos:	support@laretirementfund.co.za
Webwerf:	www.laretirementfund.co.za
Facebook:	https://www.facebook.com/LARetirementFund
Fonds Registrasienommer:	12/8/1278

momentum
consultants & actuaries

S I M E K A
member of  **Sanlam** group

VERSO®
BENEFITS ADMINISTRATOR (PTY) LTD

VERSO®
EMPLOYEE BENEFITS CONSULTING (PTY) LTD

 **Sanlam**
Investments